Tjokkie WEEKBLAD

UNIVERSITAS
NET MY BESTE

10 Mei 2024 Uitgawe: 6/2/2024

## UIT DIE KANTOOR

**Kunswedstryd:**

Vanaf Maandag, 6 Mei het die tweejaarlikse Kunswedstryd plaasgevind. Dit is ’n geleentheid waar kinders regoor die stad hul kutuurvaardighede en talente ten toon stel. Baie geluk aan al ons leerders wat puik uitslae verwerf het. Die volledige uitslae sal later bekend gemaak word.

Daar is nog enkele groepe wat vandag en gedurende die naweek deelneem. Baie sterkte.

**Sportdae:**

Die wintersportseisoen loop nou einde se kant toe. Vandag vind ons mini-netbaldag by Tjokkies plaas. Ons maak voorsiening vir ongeveer 500 deelnemers. Let asb. daarop dat 'n R10 ingangsfooi vandag gehef gaan word.

Saterdag is ook ons voorlaaste wedstryde in die Wesgrow kompetisie waar ons gasheer speel vir Primêre Skool Jordania van Bethlehem. Weens logistieke reëlings het die wedstryde verskuif na ons eie gronde met slegs enkele rugbywedstryde wat by Hoërskool Jim Fouché gaan plaasvind. Die program is reeds op die onderskeie groepe versprei.

Baie dankie aan die ouerkomitee en ouers wat weer vir ons behulpsaam is met kosverkope.

**Pre-Primêre Gholfdag:**

Klein Tjokkies hou vandag hul jaarlikse gholfdag. Dit is reeds jare lank een van die Kleuterskool se fondsinsamelingsprojekte. Baie dankie aan al die “oud” en “nuwe” Tjokkie-ouers wat hierdie dag ondersteun. Mag julle dit baie geniet.

## ANDER

**Wesgrow**

Vir die ouers wat belangstel in die nuutste stand van sake in die Wesgrow-toernooi, loer gerus na die “log” hierby aangeheg.

Weeklikse uitslae word ook op Face book onder Wesgrow Sentrale Laerskole Sportreeks geplaas.

Vir duidelikheid word die reëls ook weer aangeheg.

**Vooraf uitteken van leerders vir sportwedstryde**

Leerders wat vroeër uitgeteken word vir hoofsaaklik sportwedstryde, veroorsaak heelwat ontwrigting in die kantoor en die akademiese tyd in klaskamers ly as gevolg van die ontydige afkondigings.

Van nou af gaan daar slegs op sekere tydgleuwe leerders uitgeroep word aan die einde van die dag, naamlik:

**12:50 – saam met die laaste afkondigings**

**13:05 – sodra die leerders gewissel het vir die laaste periode**


**13:15 – laaste roep – hierna wag u vir die laaste klok om te lui**

U kom teken die leerders uit by die kantoor en vul hul name by die toepaslike tydgleuf in – geen telefoniese versoeke nie. Leerders sal **SLEGS** op daardie tydgleuwe geroep word. Indien u die tydgleuf mis, sal die leerder tydens die volgende roepsessie op die volgende tydgleuf geroep word.

Neem dus kennis van die tydgleuwe en hou asb. daarby.

## BELANGRIKE DATUMS


| | |
|---|---|
| 10 Mei: | Kleuterskool Gholfdag |
| | Tjokkies Mini-Netbaldag |
| 11 Mei: | Rugby/Netbal vs Jordania |
| | Pom-Pom optrede (Kunswedstryd) |
| | Nautilus 2 |
| 12 Mei: | Senior kooroptrede (Carol Celebration Festival) |
| 13 Mei: | Skaakliga |
| 15-18 Mei: | Eagles tennistoernooi |
| 16 Mei: | Netballiga vs OMS |
| | Rugbyliga vs Saint Andrews |



## VERJAARSDAE

| | |
|---|---|
| 11 Mei: | Juf. Karen Marais (Gr. 7) |
| 12 Mei: | Juf. Marietjie Langenhoven (Musiek) |
| 13 Mei: | Juf. Lizette Buys (Gr. 1) |
| 14 Mei: | Juf. René Greyling (KS) |
| | Geolene v Jaarsveld (Kaalvoetkafee) |

# VAN DIE MAMMAS WAT BID



Ek het een keer die storie gehoor van ‘n man verlore op die oop see.
Hulpeloos wag en wag die man vir redding en uiteindelik verskyn ‘n lewensboot wat hy van die hand wys. Die man dink by homself iets of iemand anders sal weer kom en hom red...

*“Ek is glad nie skaam om die goeie nuus oor Jesus Christus bekend te maak nie. God se groot krag is aan die werk op elke plek waar hierdie boodskap verkondig word. Hy red elkeen wat dit glo..."*
*Romeine 1:16 DB*

Die Evangelie is goeie nuus as gevolg van slegte nuus. Die slegte nuus is dat ons almal verdrink in ons eie see van sonde. Dit maak ons uiteindelik morsdood (Romeine 6:23).
Die goeie nuus is dat God Sy lewensboot (Jesus) stuur om ons te red en lewe in oorvloed te gee. As ons werklik in Jesus glo, het ons die ewige lewe! Ons is veilig in Hom!

Miskien het die man net nie geglo dat die oop see regtig lewensgevaarlik is nie of dat die lewensboot regtig hom kan red nie...

**Gebed**:
Jesus, dankie vir U goeie nuus wat lewens red!

# UIT DIE BEMARKINGSKANTOOR

Na verskeie navrae die afgelope week:

Jaaaaaaa ons hou weer ‘n Donkey Derby hierdie jaar. Hou solank **10 Oktober 2024** oop. Kry julle vriende en sakekennisse, borg ‘n “race” en kry jou beste hoed!!!!

MAAR, eers gaan daar ook ‘n heerlike eerste wees vir Tjokkies. So, al die manne van Tjokkies, maak reg vir ‘n heerlike **KNIPMES-braai** op Saterdag, 24 Augustus 2024. Meer inligting later.

# VOORTREKKERS

Ons benodig allerhande klein boksies vir ons Spesialisasiedag op 25 Mei. Stuur asseblief enige tandepasta-, medisyne-, papbokse, ens. na jufrou Louise se klas toe.

## KAALVOETKAFEE

Kaalvoetkafee (Vicky of Geolène):
082 612 7756
E-posadres:
kaalvoetkafee@tjokkies.co.za

## SNUFFELS






ATON
WEALTH NAVIGATION
Authorised Financial Services Provider. FSP # 48449

T +27 51 430 0302
C +27 82 903 4582
E horace@atonwealth.com

Specialised Investment Services